**30 MAART** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 20**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 20:6,7**

## Bid om oorwinning teen die sonde!

Hier word gebid vir `n gesalfde van die Here, die koning. Deur die Here gekies, is hy aangestel en toegerus vir `n besondere taak. Hy moes die volk van God teen hulle vyande beskerm. Daarvoor moes oorlog gemaak word. Voor die oorlog bid die koning en word daar vir hom gebid. Biddend word hulp gesoek by die God van Jakob. Uit liefde, uit genade beskerm die Here nietige sondaars. Daarvoor word gebid! Here hoor! Here help! Gee aan u gesalfde die oorwinning! Die begeerte en gebed van koning en volk is om te oorwin.

Die Here het die gebede verhoor. Daaroor juig Psalm 21. Die Here het aan sy gesalfde, die koning, die oorwinning gegee. Daaroor kan ons juig en bly wees. Die gebede is vervul in dié oorwinning wat sy Gesalfde, Jesus Christus, behaal het. As Koning sterf Hy, staan Hy op uit die dood en verlos Hy sy volk van sonde, die dood en die duiwel. Aan die oorwinning deel elkeen wat die Naam van die Here gelowig aanroep (Rom. 10:13; 8:37). Die Here Jesus verlos en salf gelowiges met die Heilige Gees tot konings. Die Gees lei gelowiges om met blydskap uit die oorwinning te lewe. Hy werk in gelowiges die begeerte en gebed om as konings, as oorwinnaars oor die sonde te lewe. Die Gees laat gelowiges as oorwinnaars lewe, as konings wat biddend en met blydskap wag op die volle oorwinning by die wederkoms van ons Koning Jesus Christus. “Maranata!” – “Kom, Here Jesus!”

*Sing: Psalm 20:1, 2, 4 en Skrifberyming 18-6:1-5* *Ds Frederik Dreyer (Noordrand)*